



**Cape Wools Kode van
beste praktyk vir
wolskaapboerdery in
Suid-Afrika**



CAPE WOOLS SA

Voorwoord

INHOUD

1 Inleiding	6
2 Diergesondheid en Welsyn	7
2.1 Bestuurspraktyke vir Skape	7
2.1.1 Afsit van sterte	8
2.1.2 Kastrasie	9
2.1.3 Versorging van kloutjies	9
2.1.4 Knip van Horings	9
2.1.5 Lamtyd	9
2.1.5.1 Hanslammers	10
2.1.6 Dip (Sien Beheer van Ektoparasiete)	10
2.1.7 Skeer van skape	10
2.1.7.1 Diergesondheid voorsorgmaatreëls	10
2.1.8 Wolklassering	11
2.1.9 Mules operasie	11
2.1.10 Oormerke	11
2.1.11 Uitsit van skape	12
2.2 Infrastruktuur vir Skape	12
2.2.1 Skuiling	12
2.2.2 Skaaphanterings fasiliteite	12
2.2.2.1 Spesifikasies vir krale	12
2.2.2.2 Skeerfasiliteite	13
2.3 Skaaphantering Strategie	13
2.3.1 Hantering van skape	14
2.3.2 Die aanjaag van skape	14
2.4 Gesondheid en Siektebeheer Strategie	15
2.4.1 Algemeen	15
2.4.2 Stoor van Medisyne	15
2.4.3 Die inspuit van skape	16
2.4.4 Dosering	16
2.4.5 Siekte en Plaagbeheer	16
2.4.5.1 Addisionele strategieë teen inwendige parasietbeheer	16
2.4.6 Skeerhokhigiëne	17
2.4.7 Beheerde en Aanmeldbare Siektes	18
2.4.7.1 Johne's se siekte (<i>Mycobacterium paratuberculosis</i>)	18
2.4.7.2 Brandsiek - <i>Psoroptes communis ovis</i>	18
2.4.8 Ander (nie-aanmeldbare siektes)	19
2.4.8.1 Skaap Luise - <i>Bovicola ovis</i>	19
2.4.8.2 Brommerbeheer	19
2.5 Skaapvoeding	19
2.5.1 Voer	19

2.5.2 Water	20
2.5.3 Droogte	20
2.6 Vervoer van Skape	21
2.6.1 Voertuie vir die vervoer van skape	21
2.6.2 Verantwoordelikhede van Vragmotorbestuurders	22
2.6.3 Die vasmaak van skape tydens vervoer	23
2.6.4 Laai en aflaai van skape	24
3. Omgewing	24
3.1 Bestuur en Bewaring van Natuurlike Hulpbronne	24
3.1.1 Weiveld	24
3.1.1.1 Bestuur van grond	24
3.1.1.2 Weiveldbestuur	25
3.1.1.3 Waterbestuur	26
3.1.1.4 Bestuur van uitheemse indringerplante	26
3.1.1.4.1 Algemene Skoonmaakbeginsels	26
3.1.1.4.2 Verwyderingsmetodes	27
3.1.1.4.3 Identifisering van indringerspesies	27
3.1.1.4.4 Die gebruik van onkruiddoders vir indringerbeheer	27
3.1.1.4.5 Indringergrasse	28
3.1.1.2 Alternatiewe weidingsgewasse	29
3.1.1.3 Droogte	29
3.1.3.1 Verkoop van vee	29
3.1.3.2 Produksievoeding	29
3.1.3.3 Onderhoudsvoeding	29
3.1.1.4 Brandbestryding	29
3.1.4.1 Brandbestrydingsverenigings (BBV's)	30
3.1.4.2 Brandbane	30
3.1.4.3 Algemene Brandbestuursbeginsels	30
3.1.1.5 Afvalbestuur	31
3.1.1.6 Algemeen	31
3.1.1.7 Algemeen	31
3.2 Predasiebestuur	32
3.2.1 Voorkomende bestuursmaatreëls	33
3.2.1.1 Roofdierwerende sifdraad (jakkalswerend)	33
3.2.1.2 Elektriese omheinings	33
3.2.1.3 Kraal van vee	33
3.2.1.4 Afwering	34
3.2.1.5 Afwerende halsbande	35
3.2.1.6 Veewagters	36
3.2.1.7 Beskermende diere	36

3.2.2 Remediërende bestuursmaatreëls	36
3.2.2.1 Roep & Skiet	36
3.2.2.2 Vangysters met verstelbare snellerplate	37
3.2.2.3 Inloop vanghokke	37
3.2.2.4 Gebruik van gifstowwe	40
3.2.2.5 Jag met honed	40
3.2 Roofdierbestuur	40
3.3 Sintetiese Dipstowwe vir die Beheer van Uitwendige parasiete op Wolskape	42
3.3.1 Chemiese groepe	42
3.3.2 Ken die risiko	42
3.3.3 Wat staan u te doen	42
3.3.4 Onthoudingsperiodes vir Dipstowwe	43
3.3.5 Onthoudingsperiodes vir Insekte, plantsiekte en onkruiddoders op weidings	43
3.3.6 Toets vir Chemiese Residu in Vetwol	43
3.3.7 Hantering van chemikalieë	43
4 Sosiale Verantwoordelikhede	44
4.1 Menseregte	44
4.2 Basiese voorwaardes van indiensneming	44
4.3 Werkverhoudings	45
4.4 Kundigheidsontwikkeling	45
4.6 Sosiale sekuriteit en voordele	45
4.7 Produktiwiteit	46
5 Skeerders	47
6 Verwysings	48
7 Bylae	48
Bylaag 1: Lys van Parasietmiddels (Januarie – Maart 2008 - IVS)	40
Bylaag 2: Medisynes: Voorraad en gebruiksrekords	52
Bylaag 3: Verklaarde onkruid en indringerplante (Reel 15)	53

1 INLEIDING

Die Nasionale Wolkwekersvereniging van Suid Afrika het tydens sy Nasionale Kongres in 2007 'n beskrywingspunt aanvaar vir die daarstelling van 'n Kode vir Beste Praktyke wat produsente in staat sal stel om rouwol produksie stelsels teen internasionale gehalte standarde te meet. Sosiale verantwoordelikhede wat ondersteunend hiertoe is word aangespreek.

Die Beste Praktyke Handleiding vir wolskaap boerdery bied 'n raamwerk waarbinne uitnemende wolskaapboerdery in Suid Afrika beoefen kan word. Volhoubare boerderypraktyke wat dierewelsyn, natuurbewaring en sosiale verantwoordelikhede insluit word omskryf om aan produksie standarde, wat deur wetgewing vereis word, te voldoen.

Die kode (handleiding) moet as 'n aaneenlopende en lewendige ontwikkelingsproses beskou word om toe te sien dat die standarde waaraan Suid Afrikaanse Wolbedryf moet voldoen op datum gehou word. Die dokument sal jaarliks hersien word om nuwe ontwikkelings op die gebied van fisiologie, gedrag en tegnologie te akkommodeer.

Die handleiding fokus op die volgende diere en die omgewing welstand verantwoorde-likhede;

- Voorsien van voldoende voedingstowwe vir onderhoud, groei en reproduksie
- Voorkoming van pyn, beserings en siektes deur goeie dieregesondheid praktyke
- Voorsien 'n omgewing waarbinne skape hul natuurlike gedrag kan uitleef
- Beskerming teen vrees en ongemak
- Beskerming teen roofdiere
- Beskerming teen lewensgevaarlike weerstoestande
- Beheer die gebruik van medisyne en voorkom blootstelling aan onnodige of onwettige gifstowwe
- Natuurlike hulpbron beskerming en bewaring
- Sosiale/etiese verantwoordelikhede van wolskaap boere

Die bogenoemde moet inaggeneem word by enige boerdery bedrywigheid wat in die handleiding vervat is. Produksie, reproduksie, gesondheidstatus, gedrag en psige is algemene welstand indikators wat in ag geneem moet word wanneer daar besluite geneem word.

Hierdie dokument is in samewerking met die volgende instansies ontwikkel: Cape Wools

Die Nasionale Wolkwekersvereniging van Suid Afrika Agri SA
Elsenburg - Provinciale Departement van Landbou in die Wes-Kaap Nasionale Departement van Landbou
NCPC van Suid Afrika

Die Lewende Hawe en Produksiegroep van die Suid Afrikaanse Veeartseny
Vereeniging Cape Nature
ALPRU (Groot roofdiere navorsings
eenheid) Woolworths
Industrie Werksgroep (2006)
Die Dierebeskermingsvereniging van
SA Biodiversiteit en Wyn
Green Choice

Die betrokkenheid van alle rolspelers tot die ontwikkeling van die proses is van onskatbare waarde en enige ondersteuning hiertoe word hoog op prys gestel.

2 DIEREGESONDHEID EN WELSYN

2.1 Bestuurspraktyke vir Skape

'n Groot aantal voorkomende boerdery/bestuurspraktyke is nodig om produksie en verliese a.g.v. siektes in enige boerdery besigheid te beperk. Sekere praktyke en maaatreëls kan vir kort periodes 'n groot ongemak by diere veroorsaak wat, mits dit deur 'n bekwame persoon en op die regte tyd toegepas is, regverdig kan word deur die feit dat sou die praktyke nie toegepas word nie dit later 'n veel groter pyn en ongemak tot gevolg mag hê.

- Enige praktyk wat pyn veroorsaak moet uitgevoer word om so min as moontlik ongerief te veroorsaak en ook slegs wanneer daar nie 'n praktiese alternatiewe, wat die gewensde resultate sal lewer, beskikbaar is nie.
- Bestuursprosedures moet deur 'n opgeleide persoon uitgevoer word of onder die toesig van 'n ervare persoon.
- Die korrekte higiëniese voorsorgmaatreëls moet getref word.

2.1.1 Afsit van sterte

Navorsing toon dat die afsit van lammersterte 'n aansienlike verlaging in brommeraan-valle tot gevolg het en geen negatiewe effek op produksie en lamoorlewing het nie. 'n Skaap se stert het egter 'n doel. Skape lig hulle sterte wanneer hulle mis en gebruik dit tot 'n mindere mate om mis te versprei. Dit beskerm die anus en uitwendige genitalieë (vulva) en uier teen direkte sonbrand en uiterste weersomstandighede.

Die gebruik van 'n gas verhitte tang om lammersterte mee af te sit word as 'n voorkeur metode aanbeveel. Die metode steriliseer en brand die are baie doeltreffend op die afgesnyde punt toe. Sterte kan ook afgesit word deur van 'n skerp mes gebruik te maak. Die eenvoudigste manier om die stert af te sit is om van rekkies gebruik te maak wat d.m.v. 'n rekkietaang om die stert geplaas word. Die rekkie metode is 'n bloedlose manier om sterte af te sit. Die rekkie sny die bloed- en senuwee toevoer na die punt van

die stert af. Die lam sal vir 'n kort tydjie nadat die rekkie aangesit is pynervaar en die oorbodige gedeelte van die stert sal binne 'n bestek van 7 tot 10 dae afval. Stertjies kan ook 'n dag nadat die rekkies omgesit is sonder enige ongemak en pyn met 'n skerp mes afgesny word. Lammers moet minstens 24 uur oud wees voor die prosedure gevolg word en die beste resultate word verkry wanneer rekkies binne die eerste week na geboorte, wanneer die stertjies nog relatief dun is, aangesit word.

Wanneer dié metode gebruik word is daar 'n hoër risiko vir 'n tetanus infeksie. Rekkies veroorsaak die afsterwe van weefsel van die vel wat ideale toestande vir die vermeerde-ring van die bakterieë skep. Wanneer lammers se sterte met dié metode afgesit word moet die jongooie vir die eerste keer agt weke en weer vier weke voor lamtyd ingeënt word en daarna een keer jaarliks, 2-4 weke voor lam. Op die manier verkry jong lam-mers biesmelkimmunitet wat hulle vir bykans 5 weke sal beskerm.

Die oorblywende stukkie stert moet lank genoeg wees om 'n ooi se uitwendige genitalieë en 'n ram se anus te bedek. Dit sal rektale uitsakkings voorkom. Wanneer sterte te kort afgesit word, word die ringspiere rondom die anus en die senuwees wat die spiere voed, beskadig. Te kort stertjies kan ook bydra tot vaginale uitsakkings en navorsing In New Zealand toon dat ooie met te kort sterte makliker velkanker of kanker van die vulva kry.

Die kort afsit van sterte wat soms vir skooldoeleindes benodig word is teenstrydig met welsyn beginsels en die prosedure behoort as oneties beskou te word. Lammers se sterte moet verkiesslik voor die ouderdom van 6 weke, ongeag die metode gevolg word, afgesit word en die aanbeveling is dat alle ooie, twee weke voor lam, teen tetanus immuniseer word.

2.1.2 Kastrasie

Die kastrering van ramlammers word alleenlik regverdig wanneer hulle tot na seksuele volwassenheid op die plaas aangehou word. Die praktyk word aanvaar mits die ooi teen tetanus immuniseer is en wanneer ramlammers op 'n ouderdom van tussen 1 en 6 weke kastreer word. Soos met stertafsit is daar verskeie tegnieke wat gevolg kan word.

Die gebruik van 'n kastreertang word as die voorkeur metode aanbeveel mits dit deur 'n bekwame persoon gebruik word. 'n Alternatief is om 'n rekkie om die nek van die skrotum te plaas. Die skrotum sal verdroog en binne twee tot drie weke afval. Net soos by die afsit van sterte, kan die skrotum 'n dag nadat die rekkie omgesit is, met 'n skerp mes afgesny word. Maak seker dat beide die testikels onder die rekkie is. Indien een van die testikels in die maagholtte agterbly kan die ram steeds vrugbaar wees. Kastrasie met dié metode is pynlik en die aanbeveling is dat dit verkiesslik op 'n ouderdom van 2 weke en nie later as op 'n 6 weke ouderdom gedoen word. Lammers moet soos by stertafsit teen tetanus beskerm word. Immunitet moet verkry word deur kolostrum van die ooi in te kry.

Die testikels kan ook d.m.v. 'n klein operasie verwijder word. Gebruik 'n skerp mes en verwijder die onderste derde van die skrotum sak. Die testikels word dan verwijder en die wond word gelos om te dreineer en om natuurlik te genees. Dit is belangrik om die wond te ontsmet wanneer daar van dié metode gebruik gemaak word.

Dit word aanbeveel dat lammers voor of na die brommertyd gekastreer word. Indien die risiko vir brommeraanvalle hoog is, moet die wond met 'n geregistreerde produk be-handel word om te verhoed dat brommers eiers in die wond lê of dat die eiers uitbroei. Inspekteer lammers weekliks totdat die wonde genees het.

Immunitet teen tetanus is noodsaaklik ongeag die metode wat gevolg word.

2.1.3 Versorging van kloutjies

Die knip van kloutjies – Die uitgroei van kloutjies word deur die tipe skaapras, grondvog en ander grondeienskappe beïnvloed en dit mag nodig wees om kloutjies gereeld te knip. Die afknip van weefsel moet tot die minimum beperk word en slegs die geaffekteerde weefsel moet verwijder word om mankheid te voorkom. Gebruik 'n vrotpootjie skêr vir die doel. Vermy spanningsvolle tye soos laat dragtigheid en wanneer dit baie warm is wanneer u besluit om skape se kloutjies te knip.

2.1.4 Knip van Horings

Die algehele verwijdering van die horings van volwasse diere is ontoelaatbaar as 'n boerdery praktyk en mag slegs deur 'n geregistreerde veearts, en onder narkose, gedoen word. Dit mag nodig wees om horings by sommige skape terug te knip om beserings te beperk, die vloei van skape in drukgange te bevorder en om beserings deur ingroeihorings te beperk. Die verwijdering van die tip van volwasse diere se horings is toelaatbaar as dit bokant die sagte weefsel en die gedeeltes vry van senuwees en bloedvate gedoen word.

2.1.5 Lamtyd

Ooie moet toegelaat word om met so min as moontlik inmenging te lam. Observasie moet van ooie wat op lande lam gedoen word om hulp aan ooie wat swaar lam te verleen. Wanneer dit noodsaaklik is om 'n ooi tydens geboorte by te staan moet sorg gedra word dat dit deur 'n bekwame persoon wat goeie higiëniese praktyke en aanvaarbare tegnieke toepas, gedoen word. Die kudde moet ook vir siektetoestande en die moontlike voorkoms van roofdiere dopgehou word. Indien die weersomstandighede tydens die lamseisoen baie sleg raak moet die ooie verkiekslik na meer beskutte kampe gejaag word. Dragtige ooie wat in afsondering angehou word vereis 'n skoon en droë plek waar hulle kan lam.

Dit neem ongeveer 6 ure vir 'n ooi om nadat sy gelam het haar lam te herken en om

'n band met die lam te vorm. Dit neem dubbel so lank vir die lam om sy ma te herken. Hierdie proses is nog ingewikkelder by Merino's met meerlinge.

'n Lam wat binne die 6 uur bindingsperiode deur haar ma weggegooi word het 'n baie skraal kans op oorlewing.

'n Korter lamseisoen, die skandering van ooie en die identifisering vir meerlinge en lam-periodes vergemaklik lambestuur.

2.1.5.1 Hanslammers

'n Weggooi-lam moet verkieslik met sy ma herenig word, hans grootgemaak word of menslik uitgesit word.

2.1.6 Dip (Sien Beheer van ektoparasiete)

2.1.7 Skeer van skape

Skape moet verkieslik deur opgeleide en geakkrediteerde skaapskeerders geskeer word. Dit is noodsaaklik dat die kwaliteit standarde soos vervat in die NWKV Skaapskeer Handleiding nagekom word. Die skeerhandleiding is standaard toerusting by alle offisiële NWKV skeerderopleidings kursusse. Die handleiding is ook by die provinsiale NWKV kan-tore beskikbaar. Skeer is spanningsvol vir skape:

- Die onnodige hantering van skape moet vermy word
- Skape wat pas geskeer is moet waar moontlik nie aan uiterste weersomstandighede blootgestel word nie.
- Skape moet so gou as moontlik na skeer toegang tot water en weiding (voer) kry.
- Skeerwonde moet behandel word om infeksies en brommeraanvalle te voorkom

Tref voorsorg en beperk die besoedeling van wol, voor skeertyd, met mis en urine tot 'n minimum.

Dit word aanbeveel dat skape voor skeer op hortjiesvloere aangehou word.

Laat dragtige ooie moet nie onderdak oornag nie omdat dit tot melkkoors en domsiekte aanleiding kan gee.

Ooie met lammers behoort nie onderdak te oornag nie omdat lammers doodgetrap kan word en die ooie melkkoors kan ontwikkel.

2.1.7.1 Dieregesondheid voorsorgmaatreëls

Dit is belangrik om die oordraging van siektes tydens skeer te beperk. Die korrekte ontsmetting en higiëniese procedures moet gevolg word om die verspreiding van aansteeklike

siektes d.m.v. skeertoerusting en skeerders binne of tussen kuddes te voorkom.

2.1.8 Wolklassering

Wol moet volgens die NWKV/Cape Wools Klasstandaarde geklasseer word. Daar moet verkieslik van opgeleide en NWKV geakkrediteerde wolklasserders gebruik word. Wol mag slegs in nylon sakke verpak word en slegs papier/karton mag gebruik word om wol binne 'n baal te onderverdeel.

2.1.8.1 Besoedeling

- Enige vorm van kleurstof op verf moet voor skeertyd van skape verwijder.
- Jute, hessian en polypropolene sake moet nie in die skeerhok toegelaat word nie.
- Baaltou behoort nie in die skeerhok, vangkrale of krale toegelaat te word nie.
- Honde behoort nie toegelaat te word om in die skeerhok te kom nie.
- Skeerhok besems moet met rubber harke of plastiese skrapers vervang word.
- Wol wat deur urine verkleur is en wol wat misstukke bevat behoort verwijder en apart verpak te word.
- Alle bloedbevlekte wol behoort verwijder te word en saam met ander bevlekte wol verpak te word.
- Stukkies vel wat in 'n vwolvag teenwoordig mag wees moet tydens die klasseringsproses afgeknip te word.
- Boetebos en soortgelyke sade behoort voor skeertyd van skape verwijder te word en sorg moet gedra word dat indringerplante soos dit in wetge-wing uiteengesit word bestry word.
- Donker en kemp vesels behoort verwijder te word. Skeerders moet ver soek word om die teenwoordigheid van donker vesels uit te wys.
- Gemengde kuddes met skape of bokke wat kemp bevat en suiwer wol skape moet vermy word.
- Wolskape moet altyd eerste geskeer word.
- Slegs geregistreerde chemies produkte kan volgens etiket voorskrifte op skape gebruik word.

2.1.8.2 Skaap teling

- Sorg moet gedra word dat teen kemp en gekleurde vesels selekteer word.
- Rasstandaarde moet nagevolg word.

2.1.9 Mules operasie

Hierdie operasie is onaanvaarbaar en mag nie in Suid Afrika toegepas word nie.

2.1.10 Oormerke

Oormerk instrumente moet skerp wees en die randte glad sodat voorkom kan word dat 'n skaap se oor skeur. Ore kan getatoeëer word, oorplaatjies kry, geknip en gate ingedruk

word. Skape moet in ooreenstemming met die Diere Identifikasie Wet vanaf 'n ouderdom van 1 maand getatoeëer wees.

2.1.11 Uitsit van skape

Doeltreffende en aanvaarbare metodes wat 'n vinnige en pynlose dood tot gevolg het moet gebruik word om skape uit te sit.

Skape moet met die volgende 'menslike' metodes vankant gemaak word.

- 'n Elektriese immobiliseerder word gebruik wat 'n skaap tydelik sal verdoof. Die lugpyp en albei die hoofslagare moet dan met 'n skerp mes, wat lank genoeg is, skoon afgesny word.
- 'n Skoot in die kop met 'n gesikte vuurwapen.
- In 'n noodgeval - 'n Skerp mes wat lank genoeg is kan gebruik word om die lugpyp en slagare skoon af te sny.

2.2 Infrastruktuur vir Skape

2.2.1 Skuiling

Skuilings moet beskikbaar wees om skape teen uiterste weersomstandighede te beskerf. Skuileings kan eenvoudig in die vorm van aanplanting heinings, bome of windbreke wees. Waar geboue as skuiling gebruik word moet toegesien word dat dit skoon, goed geventileerd en higiënies is. Voldoende ventilasie is belangrik wanneer skape onderdak aangehou word om die risiko van longontsteking en die verkluiting van lammers te voorkom. Skape moet toegang tot 'n goed gedreineerde area hê waar hulle kan rus en herkou.

2.2.2 Skaaphanterings fasiliteteite

Goed ontwerpte skaaphanterings fasiliteteite en die gemak waarmee skape daardeur kan beweeg is belangrik vir die welsyn van skape. Daar behoort geen skerp voorwerpe, onnodige hoeke en stukkende reëlings te wees waarteen skape hulself kan beseer nie. Onnodige stof moet beperk word en ligte besprinkelung met 'n waterpyp word aanbeveel. Wanneer skape op 'n vragmotor gelaaai moet word moet daar doeltreffende laaigeriewe beskikbaar wees.

2.2.2.1 Spesifikasies vir krale

Tabel 1. Afmetings sentimeters (100cm = 1 m)

Fasilitet	Afstand (cm)	Aanbevelings
Kraal		
Lengte	600-1200	Oop of toe by kante
Breedte (permanente kante)	52-64	

Hoogte	85-95	Hou laag indien van buite met skaap gewerk word
Stop hekkie hoogte	120	Skape spring eerder oor hekke as kante
Uitkeergange		
Lengte	300-350	Soliede kante
Breedte	45-55	Loop nouer na einde
Hoogte	90-95	
Heining hoogtes		
Buiteheining	120	
Binneheining	100	
Hekke		
Hekke in buiteheining	300-400	
Binnehekke	200-300	
Gang	120-150	Deursigtige kante
Iaaiang na vragmotor		
Wydte	70-100	Helling nie skerper as 1:3
Lengte	300-350	
Hoogte (permanent)	120	
Hoogte (verstelbaar)	70-210	

2.2.2.2 Skeerfasiliteite

'n Skeerfasiliteite behoort verkiesslik oor die volgende beskik:

- Voldoende oornag geriewe met hortjievloere
- Afsonderlike vanghokke met hortjievloere
- Afsonderlike inspeksiekrale
- 'n Houtblad om op te skeer
- Genoegsame beligting en vars lug
- Die afwesigheid van 'n trek

2.3 Skaaphantering Strategie

Eienaars en bestuurders van skaapkuddes moet op 'n gereelde basis seker maak dat die kuddes oor die algemeen in 'n gesonde toestand verkeer en dat die toestande gehand-haaf word. 'n Kuddegesondheid bestuursprogram behoort in samewerking met 'n veearts ontwikkel en geïmplementeer te word. Die gereeldheid en die deeglikheid van kudde-inspeksies sal in verhouding wees tot dierewelsyn risiko's wat verbandhou met voeding, water, die beskerming teen natuurlike rampe en die waarskynlikheid van siektes soos brommeraanvalle ens. Skape wat onderdak aangehou word moet daagliks deur 'n kun-

dige, verantwoordelike persoon vir tekens van beserings, verandering van voer en water innames en siektes en ongemak ondersoek word. Skape wat onder ekstensiewe weitoe-stande aangehou word se toesig verantwoordelikhede sal van die drakrag, die besikbaarheid van gesikte weidings, die betroubaarheid van die waterbron, die ouderdom van die skape, die stadiums van laktasie, klimaatstoestande en bestuurspraktyke afhang.

2.3.1 Hantering van skape

Skape verskil grootliks van ander mak diere in die sin dat hulle min of geen manier van selfverdediging, behalwe om te stamp of weg te hardloop, het nie. Skape sal normaalweg probeer weghardloop en kan in die proses totaal uitgeput raak. Skape is nie normaal-weg aggressief teenoor mense nie maar sommige ramme sal wel, veral tydens paartyd, geneig wees om te stamp. Omdat skape relatiewe klein diere is en nie oor beskermings-meganismes besik nie word hulle gou die skrik op die lyf gejaag en kan hulle maklik seerkry wanneer daar swak metodes gebruik word om hulle te vang.

Diere moet ten alle tye met geduld en verdraagsaamheid hanteer word en toegelaat word om volgens hul natuurlike gedrag op te tree, bv.:

- Wanneer skape aangejaag word, moet die aanjaer verkieslik agter die skape wees, maar steeds in hulle gesigsveld.
- Skape is kuddediere wat makliker in 'n groep as individueel aangejaag kan word.
- Skape hou nie daarvan om in die donker aangejaag te word nie.

Wanneer 'n skaap individuele sorg nodig het is dit belangrik dat die hanteerder sagkens te werk gaan om spanning by beide die betrokke dier en omstanders te beperk. Wanneer daar 'n drukgang fasilitate beskikbaar is nie kan 'n skaap aan die agterbeen, bokant hakskeen, gevang word. Skape mag onder geen omstandighede gesleep word nie. Groot ramme behoort nooit aan een been gevang te word nie omdat die risiko vir beserings baie hoog is.

'n Skaap mag nooit, wanneer dit nodig mag raak om dit te dra, aan die wol opgetel word nie. Gekraalde skape moet rustig hanteer word en nie uitermatig deur 'n hond of mens in 'n rigting geforseer word nie. Aandag moet aan hekke gegee word om beserings te voorkom. Wanneer skape saamgedruk raak moet daar voorsorg teen moontlike versmorning getref word. Jong lammetjies en speenlammers loop veral die risiko om doodgedruk te word. Die gebruik van honde moet tot 'n minimum, om die werk afgehandel te kry, beperk word. Die gebruik van elektriese prodders word nie deur die Suid Afrikaanse wolbedryf as 'n boerderypraktyk aanbeveel nie.

2.3.2 Die aanjaag van skape

Skape moet teen 'n rustige en ontspanne tempo, wat natuurlik tot sy gedrag is, en nooit vinniger is as die stadigste skaap in die trop nie, aangejaag word. Klimaatsom-standighede en die gelykheid van die oppervlakte is bepalend tot die afstand en spoed

waarteen skape aangejaag kan word.

- Onder warm weerstoestande moet skape gereeld toegelaat word om te rus en genoeg vars water moet vir al die diere beskikbaar wees.
- Onder gunstige weersomstandighede behoort skape nie verder as 10 km sonder 'n 1 uur rusperiode aangejaag te word nie. Voldoende vars water moet dan beskikbaar wees.

Geen diere wat aangejaag word mag vir verder as die volgende afstande aangejaag word nie;

- 20 Kilometer gedurende die eerste dag en daarna 15 km vir elke opeenvolgende dag.

Voldoende voer en vars water moet dadelik beskikbaar wees wanneer daar vir die nag gestop word of wanneer die finale bestemming bereik word. Geen siek, beseerde, gebrekkige of swaar dragtige diere mag per voet aangejaag word nie. Daar moet altyd 'n voertuig beskikbaar wees om uitgeputte en beseerde diere, wat nie by die trop kan bly nie, op te laai.

2.4 Gesondheid en Siektebeheer Strategie

2.4.1 Algemeen

- Enige medisyne mag slegs volgens voorskrif gebruik word wanneer skape behandel word.
- 'n Voorraad lys en aanwending tye van medisyne wat tans in gebruik is moet beskikbaar wees.
- Die etiket verwysings van medisyne moet noukeurig gevolg word om die doeltreffendheid van die produk te verseker en om risiko's wat dit vir skape, werkers, verbruikers en die omgewing mag inhou te beperk.
- Slegs opgeleide en bekwame persone mag toegelaat word om medisyne te hanteer en toe te dien. Hulle moet die nodig produkkenis en vaardighede tentoonstel.
- Die gebruik van groei hormone moet sover moontlik beperk word.
- Medisyne waarvan die verval datum verby is en leë medisynehouders moet in ooreenkoms met die plaaslike veearts vernietig word sodat dit nie verkeerdelik aangewend en misbruik word nie.

2.4.2 Stoer van Medisyne

- Medisyne moet volgens die instruksies op die etiket in 'n veilig plek wat gesluit word, wat goeie beligting het en weg van ander materiale is gestoor word. Dieselfde geld vir medisyne wat in 'n yskas gestoor moet

word.

- Inligting oor korrekte optredes en die nodige was fasilitete moet vir noodgevalle aan werkers beskikbaar wees (bv. oogspoel, baie skoon water)
- Medisyne moet in hul oorspronklike houers gestoor word.

2.4.3 Die inspuit van skape

Die toerusting moet voor daar met inspuitings begin word gesteriliseer word. 'n 18 dikte naald is voldoende vir inspuitings. Inspuiting moet altyd aan die agterste gedeelte gehou word en daar moet nie aan die steriele naald gevat word nie. Wanneer 'n inspuiting toegedien word moet die naald onder die vel ingedruk word totdat die naaf van die naald teen die vel druk. Maak seker dat die plek waar die inspuiting toegedien word droog en skoon is.

Die beste plek vir die toediening van binnespier inspuitings is op die boud - halfpad op die lyn tussen die heupbeen en die sitbeen. Die naald word dwarsdeur die vel tot binne-in die spier gedruk, maar nie so diep dat dit been raak nie. Trek die suier van die inspuiting terug om te kyk of bloed opgesuig word. Indien geen bloedwaargeneem word nie kan aangeneem word dat die naald nie in 'n bloedvat gesteek is nie en kan die medisyne in die spier ingespuit word.

2.4.4 Dosering

Doseersuite moet gereeld gekalibreer word. Tydens dosering moet die spuit aan die kant van die bek ingedruk word totdat die punt op die agterkant van die dier se tong rus. Spuit die vloeistof stadig in die skaap se keel in. Indien die dier se kop te ver agteroor gebuig word, kan die vloeistof in die longe beland.

2.4.5 Siektebeheer

Siek, beseerde en besmette diere moet onmiddellik behandeling kry of op 'n menslike metode van kant gemaak word. Tref voorsorgmaatreëls teen siektes wat algemeen in die omgewing voorkom. Medisyne moet streng volgens die vervaardiger se etiket instruksies toegedien word. Voorskrif medisyne moet toegedien word soos dit deur 'n veearts aanbeveel is.

2.4.5.1 Addisionele strategieë teen inwendige parasietsbeheer

- Voorsien skape van goeie gehalte kos en beperk spanningstoestande. Navorsing het aangetoon dat skape op hoë proteïen rantsoene 'n beter weerstand teen parasiete bied. 'n Kombinasie van plante met 'n hoë proteïen inhoud en plante wat baie tanienne bevat, soos klawer, sal goeie resultate lewer.
- Ontwurtingsprodukte moet strategies en ordeelkundig gebruik word. Mismonster ontledings is 'n belangrike indikator van parasietsbesmetting indien dit voor doserings gedoen word. Dit is ook 'n en van produkdoel-treffendheid sou dit 10 dae na doserings gedoen word – dié praktyke word

aanbeveel.

- Vermy oorbeweiding en roteer weikampe om parasietbesmettings te beperk
- Maak lammers, waar moontlik, groot op lande wat die vorige seisoen bewerk was.
- Gebruik beeste om lande skoon te vreet nadat skape daar gewei het.
- Nat en warm klimaatstoestande is bevorderlik vir parasietbesmetting. Probeer om nie ooie dan te laat lam nie.
- Lammers neem reeds groot hoeveelhede voer op 'n 5 – 6 weke ouderdom in. Dit is 'n goeie tyd om dan die troppe na "skoon" kampe te verwissel. Vermy besmette kampe as lammerweidings. Probeer toesien dat jong lam-mers nie vir twee agtereenvolgende jare op meerjarige weidings wei nie.
- Parasieteiers en larwes ontwikkel en versprei vinnig in nat weidings. Maak seker dat weidings goed gedreineer is. Probeer bewei wanneer dou of reën reeds van weidings afgedroog het. Moniteer groei kondisies wat bevorder-lik is vir parasietontwikkeling. Wees voorbereid deur lammers te skuif en wanneer nodig te ontwurm.
- Selekteer skape vir weerstandbiedendheid teen parasiete. Skape se weerstandvlakke teen inwendige parasiete varieer baie en daar kan dus maklik vir weerstand geselekteer word. Studies het aangetoon dat wanneer ramme wat weerstand teen wurms bied met nie-weerstandbiedende ooie gekruis word ooie lammers met verhoogde groeitempo's produseer. Selekteer vir ooie wat goeie kondisies handhaaf en raak ontslae van ooie wat geneig is om maer te wees.

2.4.6 Skeerhokhygiëne

- Dooie skape mag nie in die skeerhok afgeslag word nie.
- Siek diere mag nie in die skeerhok aangehou word nie.
- Moenie velle in die skeerhok behandel, droog of stoor nie.
- Skeerhokke behoort voor skeertyd met 'n 3-5% formalienoplossing onts-met te word. Daarna behoort die skeerhok vir 'n 24 uur periode toegehou te word waarna dit oopgemaak moet word sodat die dampe kan ontsnap. Hierdie proses moet binne 14 dae voor skeer afgehandel word.
- Na skeer moet die wol geklasseer en verpak word en uit die skeerhok verwyder word. Alle skeertoerusting moet dan ontsmet word.
- Skeertoerusting moet gereeld gedurende skeer ontsmet word om te voorkom dat siektes tussen skape versprei.
- Wanneer 'n skeerder 'n abses raakgeknip moet die skeertoerusting en die skeerarea ontsmet word.
- Nadat 'n skeerder 'n abses raakgeknip het behoort hy 'n skoon broek aan te trek
- Beperk die moontlikheid van siektesverspreiding van ou skape na jonger skape deur die laasgenoemde eerste te skeer.

2.4.7 Beheerde en Aanmeldbare Siektes

2.4.7.1 Johne's se siekte (*Mycobacterium paratuberculosis*) - OJD

Die tekens van Johne's se siekte is kroniese vermaering en diarree – Bevestiging van die siekte moet van 'n veearts verkry word.

Beheermetodes vir produsente wat in streke bly waar OJD voorkom

Bestuurspraktyke:

Vir plase wat waarskynlik skoon is van OJD :

- Koop slegs diere van lae risiko plase. (geslote kuddes of kuddes wat deurlopend negatief vir dié siekte toets)
- Indien die status onbekend is moet daar, indien moontlik, slegs ingeënte skape gekoop word.

Vir besmette plase:

- Slag diere wat onverwags vermaer so gou as moontlik.
- Ent alle teeldiere op 'n ouderdom van 6 weke
- Moenie skape op die grond voer nie. Gebruik voerbakke. Bakterieë word in mis gedra.
- Moenie ooie op ou gevestigde lande laat lam nie. Laat lam die ooie op weidings waarvan die grond die vorige jaar bewerk was.
- Moenie vermaerde of siek diere in die "ramkamp" aanhou nie. Dit is waar die duurste skape op die plaas aangehou word en onnodige blootstelling aan ongewenste siektes moet vermy word.
- Koop slegs diere van lae risiko plase.

Vir produsente wat buite die streke waar OJD voorkom

boer. Onbesmette plase

- Wanneer daar toenemende voorvalle van vermaering voorkom moet skape so gou as moontlik vir 'n nadoodse ondersoek na 'n veearts geneem word.
- Koop slegs diere van lae risiko plase aan. (geslote kuddes of kuddes wat deurlopend negatief vir dié siekte toets)
- Versoek 'n OJD vry deklarasie vanaf die verkoper

Besmette plase

Volg dieselfde prosedure as by plase in streke waar OJD voorkom

2.4.7.2 Brandsiek - *Psoroptes communis ovis*

Indien die siekte vermoed word moet die naaste staatsveearts so gou as moontlik in kennis gestel word sodat hy die siekte volgens staatsregulasies kan bestuur. Skape moet voorkomend teen brandsiekte behandel word voordat daar enige verskuwing van skape

tussen eiendomme plaasvind

2.4.8 Ander (nie-aanmeldbare siektes)

2.4.8.1 Skaap luise - *Bovicola ovis*

Besmettings begin na kontak met ander besmette skape en dit verg goeie bestuur om die siekte te voorkom.

'n Dipsertifikaat van die vorige eienaar behoort alle aankoop dokumentasie te vergesel. Aangekopte skape moet alternatiewelik onder kwarantyn gehou word tot nadat hulle as 'n voorkomende maatreël teen brandsiek en luise behandel is. Moniteer alle skape vir 'n moontlike luisbesmetting – luise is meer aktief in wintermaande.

Indien skape met luise besmet is:

- (i) Dip alle skape, insluitende die lammers met 'n geregistreerde produk.
- (ii) Indien dit nie moontlik is om te dip nie, behandel alle skape, insluitende die lammers, met 'n geregistreerde opgietmiddel.
- (iii) Verwittig u bure en veearts van die besmetting.

2.4.8.2 Brommerbeheer

Brommeraanvalle en die gevvolglike larwebesmetting word as 'n siekte beskou wat dienooreenkomsdig bestuur moet word. 'n Geïntegreerde brommerbeheer strategie is noodsaaklik. Wees bedag op gunstige weersomstandighede wat bevorderlik vir brommer-aanvalle is en beplan dienooreenkomsdig.

- (i) Brommerlokvalle (LuciTraps): Die gebruik hiervan onderdruk brommerpopulasies. Maak seker dat dit reeds aan die begin van die "brommerseisoen" aktiveer word.
- (ii) Mikskeer: Dit sal die voorkoms van brommeraanvalle met tot 99% verminder. Dit sal vir \pm 2 maande lank beskerming bied.
- (iii) Doramectin inspuitings bied 'n beperkte beskermingsperiode van tussen 2 tot 3 weke
- (iv) Behandel alle vatbare diere met 'n insekte groeireguleerder sodra daar aanduidings van 'n brommerpopulasie ontploffing is.
- (v) Geeneen van bogenoemde metodes sal volkome beskerming teen brommeraanvalle bied nie en skaape moet as 'n goeie praktyk gereeld vir brommeraanvalle ondersoek word. Skape met brommerlarwebesmettings moet so gou as moontlik met 'n geregistreerde produk behandel word.

2.5 Skaapvoeding

2.5.1 Voer

Skape moet van voldoende kwaliteit voeding voorsien word om aan fisiologiese behoeftes van groei, dragtigheid, laktasie, die hantering van koue deur blootstelling te voldoen. Goeie voeding is 'n voorvereiste vir 'n goeie algemene gesondheid.

'n Deurlopende peiling moet in enige bestuurstelsel gemaak word ten opsigte van die be-

hoeftes van skape in verhouding tot die hoeveelheid, die kwaliteit en beskikbaarheid van die voedingsbron. In gevalle waar 'n volvoer rantsoen of aanvullende voeding benodig word moet daar seker gemaak word dat die formulering daarvan deur 'n professionele voedingskundige gedoen is. Metaboliese disfunksies wat onnodige ongemak tot gevolg het en pyn of dood moet te alle tye voorkom word. Skape moet waar moontlik van blootstelling aan toksiese plante en ander voedingsbronne wat negatief op die gesondheid kan inwerk, weerhou word. Veevoer moet van 'n goeie gehalte wees en vry wees van muf, giftige plante of sade. Die voer van produkte van 'n dierlike oorsprong moet vermy word.

2.5.2 Water

Skape moet altyd toegang tot skoon water van 'n goeie kwaliteit hê en die volhoubaarheid van die waterbron moet gereeld getoets word. Daar moet veral opgelet word gedurende warm weersomstandighede, by lakterende ooie en voerkraal lammers. Genoegsame toegang moet, in verhouding met die trop grootte, by waterpunte gebied word. Meganiese toerusting wat water reguleer, insluitende windpompe en boorgate, moet gereeld besoek en in 'n werkende toestand gehou word. Gereelde inspeksies moet gedurende warm weersomstandighede uitgevoer word. Die kwaliteit van die drinkwa-ter moet goed genoeg wees om skape in 'n gesonde toestand te onderhou. 'n Skaap se waterverbruik is nagenoeg 2 tot 3 keer sy droëmateriaal behoeft en waterinnames neem toe wanneer 'n hoë proteïen en diëte met 'n hoë soutinhoud gevvolg word. Drinkwater met potensiële hoë toksiese soutvlakke of ander skadelike stowwe, moet gemonitor en bestuur word om die skadelike effek daarvan so laag as moontlik te hou. Wanneer daar nie voldoende hoeveelhede hoë kwaliteit drinkwater beskikbaar is nie moet skape na 'n ander omgewing waar daar voldoende water is verskuif word. Water mag as 'n reël nie vir 'n periode langer as 24 uur van skape weerhou word nie. Hierdie periode moet heel-wat, afhangende van die hitte en bedompigheidsvlakke, ingekort word.

2.5.3 Droogte

Droogte word as 'n erge voedsel en/of water tekort gedurende lang periodes van abnormale lae reënval gedefinieer. 'n Droogte kan nie met 'n normale seisoenale afname van gehalte en die hoeveelheid vergelyk word nie. 'n Droogtebestuur strategie moet nogtans lank voor die aanvang van 'n droogte in plek wees en dit moet progressief geïmplementeer word. Wanneer daar tydens 'n droogte gevoer moet word, moet daar vroegtydig en voordat die natuurlike weiding heeltemal opgevreet is met aanvullende voeding begin word. Vir goeie resultate is dit noodsaaklik dat skape in verskillende ouderdoms- en kondisie groepe gevoer word.

Skape wat vir oorlewing gevoer word moet deeglik tydens voertye dopgehou word sodat swak diere identifiseer en vir spesiale aandag afgesonder kan word.

Skape mag nie toegelaat word om van verhongering te vrek nie. Wanneer water en weiding gedurende droogtes baie beperkend raak moet addisionele weidings gehuur word of daar moet, indien dit ekonomies regverdigbaar is, aanvullend gevoer word. Skape moet laat slag word om onnodige lyding te voorkom. Droogte geteisterde diere is baie

vatbaar vir spanning en vereis versigtige hantering en behandeling.

2.6 Vervoer van Skape

Skape se spanningsvlakke verhoog baie wanneer hulle met 'n voertuig vervoer word en dit kan tot ernstige beserings en die dood aanleiding gee.

Beserings a.g.v. swak vervoerpraktyke kan ernstige biologiese gevolge hê. Ramme kan steriel raak en dragtige ooie kan aborteer. Diere wat na die mark vervoer word kan kondisie verloor, gekneus word of ernstige beserings opdoen. Vervoerpraktyke is dus een van die belangrikste praktyke in 'n skaapproduksie stelsel. Die hoof doelwit wanneer skape vervoer word moet wees om spanningsvlakke laag te hou. Dit is belangrik dat skape tot op die punt van vervoer van voldoende vars water en voer voorsien word. Die gebruik van elektriese prodders word nie aanbeveel nie en die aanbevole hoeveelheid diere wat op 'n voertuig gelaaai mag word moet nagevolg word.

2.6.1 Voertuie vir die vervoer van skape

- Voertuie moet gelisensieerd en padwaardig wees
- 'n Verwyderingsertifikaat moet altyd die skape vergesel.

Alle voertuie en sleepwaens moet aan die volgende voldoen;

- 'n Gesikte vloer waarop 'n skaap nie maklik sal gly nie en maklik skoon-gemaak kan word.
- Genoegsame ventilasie en lig tydens die rit en ook wanneer die vragmotor stilstaan. Toe trokke is onaanvaarbaar.
- Voldoende beskerming teen uitlaatgasse. Blootstelling aan uitlaatgasse kan die diere se asemhaling bemoeilik en ongemak veroorsaak.
- Alle diere moet vir inspeksie tydens die duur van die rit bereik kan word.
- Die sykante van die vragmotor moet hoog genoeg wees sodat diere nie kan oorspring of afval nie. Die sykante en afskortings wat gebruik word om diere binne die trok van mekaar te skei mag nie laer wees as die skouerhoogte van die grootste dier wat vervoer word nie. Afskortings moet 'n minimum hoogte van 750 mm wees.
- Die hoogte tussen die vlakke van dubbeldek voertuie moet, wanneer skape vervoer word, 'n minimum hoogte van 1000mm wees. Daar moet genoeg ruimte wees vir die grootste skaap om gemaklik regop te staan terwyl daar genoeg spasie vir lug om vrylik te sirkuleer wees.
- Die spasie waarin diere vervoer word moet voldoende tot die hoeveelheid diere wees om die gemaklikheid en die veiligheid van alle diere te waarborg. Die aanbevole spasie is 0.4 m^2 per skaap.

2.6.2 Verantwoordelikhede van Vragmotorbestuurders

- Bestuurders moet die padvervoer wetgewing streng nakom.
- Moet 'n geldige bestuurderslisensie hê in ooreenstemming met die grootte van die voertuig wat bestuur word.
- Moet in besit wees van die nodige dokumentasie en telefoon nommers indien daar 'n noodgeval ontstaan of wanneer hulp benodig word.
- 'n Padkaart met die kortste roete na die bestemming, 'n alternatiewe roe-te, noodplanne en telefoon nommers van die koper, verkoper die van die vervoerkontrakteur en 24-uur noodnommers.
- Kennis hê van die natuurlike gedrag van skape wat vervoer word, met die inagneming van gesigsvelde en ontsnappingsgedrag. Kennis moet gedra word van wettige en onwettige hanterinspraktyke.
- Verantwoordelik wees om te sorg dat die laairuimte vry van voorwerpe soos draad, grawe, spaarwiele, gereedskap is wat skape in transito kan beseer.
- Verantwoordelik om te sorg dat daar nêrens skerp punte, plate wat uit-steek of gebuigde reëlings is wat beserings aan diere kan veroorsaak nie.
- Verantwoordelik om die vragmotor in lyn met die laai- en aflaai platvorm te trek sodat daar nie 'n spasie is waardeur diere kan val of in kan vassit nie.
- Vragmotorbestuurders moet fisies en psigies in staat wees om verantwoordelikheid te neem vir die vragmotor en die diere wat vervoer word.
- Die vragmotor moet op so 'n wyse bestuur word dat die diere nie sal gly, val en beseer word nie. 'n Voertuig mag onder geen omstandighede bestuur word waar die veiligheid en die welsyn van skape nie vooropgestel word nie.
- Bestuurders mag nie vir langer as 30 minute stop terwyl diere vervoer word nie.
- 'n Vragmotor wat skape op het moet op 'n gelyk stuk grond en verkiekslik in die skaduwee parkeer word.
- Bestuurders moet sorg dat, uitsluitend onvoorsiene gebeure, 'n vrag wat skape op het binne die geskeduleerde tyd by 'n bestemming besorg word
- Onthou dat die afkoelingseffek baie toeneem soos wat 'n voertuig spoed optel.

Wind-afkoelingsfaktor by verskillende spoed en omgewingstemperatuur

Spoed	Omgewingslug temperatuur (°C)									
km/h	25	20	15	10	5	0	-5	-10	-15	
8	25	19	14	9	4	-2	-7	-12	-17	
16	23	17	11	3	-2	-7	-13	-18	-24	
24	21	15	8	2	-5	-11	-17	-24	-30	
32	20	13	7	0	-7	-13	-20	-26	-33	

40	19	12	6	-1	-8	-15	-22	-29	-35
48	18	11	4	-3	-10	-17	-24	-31	-38
56	17	10	3	-4	-12	-19	-26	-33	-40
64	16	9	2	-5	-13	-20	-28	-35	-42
72	16	8	1	-6	-14	-21	-29	-36	-44
80	15	8	0	-8	-15	-23	-30	-38	-45

- Bogenoemde verwysings is op droë skape van toepassing. Wanneer skape nat is verhoog die wind-afkoelingsfaktor aansienlik. Die gevaar van long-ontsteking en dood verhoog aansienlik wanneer diere nie genoegsaam in nat vervoersomstandighede beskerm word nie.
- Inspekteer skape gereeld vir ongemak en nooit minder as elke 200 km van die rit nie. Indien 'n ooi tydens vervoer lam moet die nodige gedoen word om te verseker dat die ooie en haar lam nie deur ander diere vertrap of beseer word nie.
- Indien 'n skaap beseer is of om een of ander rede nie verder vervoer kan word nie, moet dit so gou as moontlik na 'n plek van versorging geneem word, bv. 'n dierehospitaal of kliniek, abattoir, of naaste Polisiestasie waar daar op 'n menslike metode van die dier ontslae geraak kan word.
- Indien 'n vragmotor in transito breek of in 'n ongeluk beland, moet die vragmotorbestuurder dadelik die naaste polisiestasie, verkeersafdeling of insleepdiens kontak en die situasie by die persoon in bevel aanmeld.
- In 'n noodgeval kan enige tipe voertuig as 'n ambulans gebruik word om 'n beseerde skaap na die naaste veearts of plek waar 'n skaap op 'n menslike metode uitgesit kan word te vervoer.

2.6.3 Die vasmaak van skape tydens vervoer

- Dit is nie raadsaam om 'n skaap te vervoer wat paniekerig mag raak en homself of ander diere kan beseer nie. Indien 'n skaap wat homself of ander kan beseer vervoer moet word, moet die skaap so vasgemaak word dat dit beserings sal verhoed.
- 'n Skaap moet so vasgemaak word sodat dit nie fisiese lyding veroorsaak of die skaap van noodsaklike welsyn beginsels soos die beskerming teen uiterste weersomstandighede, toegang tot voldoende ventilasie en die blootstelling aan giftige uitlaatgasse, ontneem nie.
- Skape mag nie in kompartemente vervoer waar hulle in 'n borsrus posisie gedwing word nie.
- Geen dier mag vir langer as 4 ure in 'n 24 uur periode vasgebied word nie.
- Moenie draad of baaltou gebruik om die dier se bene of voete vas te bind nie.
- Wanneer 'n skaap om die nek of horings vasgebied word, moet die tou aan die voertuig op dieselfde hoogte as die dier se knieë vasgebied word om

te verhoed dat die dier verwurg as hy sou val. Die tou moet lank genoeg wees sodat die dier gemaklik, met die kop omhoog, kan lê.

2.6.4 Laai en aflaai van skape

Die gebruik van "Judas-bokke" om skape te begelei word sterk aanbeveel.

Vir meer inligting oor die hantering en vervoer van vee, kan die volgende webblad gekon-tak word: www.nspca.co.za

3. OMGEWING

3.1 Bestuur en Bewaring van Natuurlike Hulpbronne

Die fokus van 'n holistiese bestuurstrategie vir omgewingsbeskerming is om die natuur-like landboubronne te bewaar deur die produksiepotensiaal van die grond te onderhou, gronderosie te beveg, vernietiging van waterbronne te keer, natuurlike plantegroei te beskerm en onkruid en indringerplante uit te roei.

In Suid-Afrika is daar 'n hele aantal ondersteunende substrategieë identifiseer wat omgewingsbeskerming praktyke onderskryf.

3.1.1 Weiveld

Die primêre verantwoordelikheid van wolboere in dié streke is om die natuurlike hulpbronbasis volhoubaar te benut. Weidingstrategieë vir spesifieke omgewings moet implementeer word om:

- Verlore grondbedekking te herwin
- Verlore spesies te herwin
- Die probleem van bosindringing aan te spreek
- Probleme met indringer en uitheemse plante aan aanspreek

Om bogenoemde te bereik moet die volgende gedoen word:

3.1.1.1 Bestuur van grond

- **Gronderosie**
Voorkom en herstel gronderosie deur behoorlike bestuur
- **Grondverbouing**
Wanneer aanplantings op grond gedoen word moet grond-vriendelike metodes gebruik word om die vrugbaarheid van die grond oor die langtermyn te behou en om erosie te verhoed.
- **Bemesting**
Handhaaf die noodsaklike voedingsvlakke in grond.
Gebruik produkte wat 'n balans in die suurheidsgraad van die grond handhaaf en 'n toename in die suurheidsgraad beperk.

3.1.1.2 Weiveldbestuur

- **Weikapasiteit:** Die weikapasiteit van veld word uitgedruk as 'n spesifieke aantal hektaar per grootvee-eenheid. Die norm moet vir elke gebied bepaal en nie oorskry word nie.
- **Veld** moet in alternatiewe wei en rus periodes benut word om die volhoubaarheid van die veldweiding te verseker. Wanneer weiveld tekens van agteruitgang toon, moet die aantal diere wat daarop aangehou word behoorlik aangepas word.
- **Wildbestuur in natuurlike areas:** Wild wat op privaatgrond aangehou word, kan slegs as 'n vorm van bewaring beskou word indien korrekte bestuur verseker dat die toestand van die natuurlike plantegroei nie nade-lig beïnvloed word nie. Anders is dit bloot net nog 'n vorm van boerdery. Bestuur die hervestiging van wild op so 'n wyse dat nie-inheemse spesies en bevolkingsdigtheid nie die oorblywende natuurlike plantegroei beskadig nie. Om dit te doen, moet 'n grondeienaar die veld- en grondtipes van die eiendom ken, en weet waar dit voorkom.
- **Wildspesies en hul voedingsgewoontes (bv. blaarvreters/grasvreters)**
 - ◊ Drakapasiteit van onderskeie veldtipes op spesifieke tye van die jaar, om te bereken hoeveel van 'n spesie met veiligheid op die spesifieke area aangehou kan word (bv. 3.5 koedoes kan per 100 ha aangehou word in die sukkulente Karoo van Ladismith en Calitzdorp).
 - ◊ Watergate en veelekke moet so geplaas word dat dit nie lei tot die ver-trapping van sensitiewe veld nie (bv. veld wat herstel van 'n brand en seisoenale vleilande).
 - ◊ Daar word sterk aanbeveel dat slegs wildspesies wat histories in daardie area voorgekom het, aangehou word en nie uitheemse spesies nie. Spesies wat histories in die area voorgekom het, is die beste aangepas vir die plaaslike toestande en sal die minste impak op die natuurlike veld hê.
 - ◊ Monitor die samestelling van plantgemeenskappe gereeld om op hoogte van die veld se toestand te bly.
 - ◊ Waar die veld tekens toon van agteruitgang, is dit raadsaam om diere aan daardie area te onttrek sodat die veld kan rus.
 - ◊ Renosterveld kan liggies bewei word in die laat somer tot herfs (Jan – vroeg Maart). Weiding deur diere moet nie in die winter en lente blom- en groeiseisoen toegelaat word nie. Baie van die renosterveldbolle en jaarplante is in die eerste 2 jaar na 'n brand kwesbaar vir weidingsdruk deur vee.
 - ◊ Alle spesiale habitat soos silkreet, ferikreet en kwarts-areas, behoort vir vee afgesper te word. Heinings behoort egter die beweging van skilpaaie en klein bokspesies toe te laat.

3.1.1.3 Waterbestuur

- Bestuur afloopwater om erosie te voorkom
- Besproei slegs grond met 'n hoë potensiaal
- Gebruik slegs grondwater wat geskik is vir besproeiing en moenie die potensiaal van die natuurlike waterbron oorskry nie.

3.1.1.4 Bestuur van uitheemse indringerplante

Indringerplante het 'n beduidend negatiewe impak op die omgewing deurdat dit onmidellike habitatvernietiging veroorsaak, die risiko en intensiteit van brande verhoog en op-pervlak en sub-oppervlakwater verminder. Grondeienaars word wetlik verplig om indring-erplante te beheer wat op hul eiendom voorkom te beheer.

3.1.1.4.1 Algemene Skoonmaakbeginsels

- Bestuursprogramme vir indringerplante is langtermyn-bestuursprojekte en 'n skoonmaakplan, wat opvolgaksies van die skoongemaakte area insluit, is noodsaaklik. Dit sal geld, tyd en aansienlike moeite spaar.
- Die plan behoort minstens 'n kaart in te sluit wat die digtheid van die indringerplante aantoon en die dominante indringerspesies in elke area aandui.
- Begin eerste deur die minste vervuilde area skoon te maak (jong/onvolwasse, minder digte bome) om te voorkom dat saadbanke opbou. Minder hulpbronne word benodig om minder digte areas skoon te maak en sal 'n groter impak op die langtermyn hê. In die geval van indringerspesies wat tot riviere beperk is, is dit ideaal om by die hoofstroom te begin en dan stroomaf te beweeg, en sodoende die bron van herbemasmetting uit te wis.
- Digbegroeide areas behoort ideaalgesproke tot laaste gelaat te word, aangesien dit heel moontlik nie in digtheid gaan toeneem of 'n groter bedreiging gaan raak as wat dit reeds is nie.
- Gesamentlike bestuur en beplanning tussen bure laat meer koste-effektiewe uitwisseling en onderhoud toe, aangesien indringersade maklik deur wind of waterlope oor grensgrade versprei word.
- Biologiese beheer is koste-effektief en baie veilig in vergelyking met die uitgawes en risiko's verbonde aan onkruiddoders, en kan maklik saam met ander bestuurspraktyke geïntegreer word.
- Neem die rol wat vuur in indringer-skoonmaakaksies speel in ag. Vuur wat effektief bestuur word, is 'n koste-effektiewe skoonmaakmetode, maar ontydige en onbeheerde vure kan dikwels maklik die doel van meganiese en生物 beheer in die wiele ry. Dit is belangrik dat daar na 'n brand opgevolg word met die uittrek van saailinge per hand, of in uiterste gevalle waar daar min plantegroei is, kan die spuit van onkruiddoder oorweeg word.
- Alle skoonmaakaksies moet gemonitor en gedokumenteer word, om record te hou van wanneer watter area opgevolg moet word.

3.1.1.4.2 Verwyderingsmetodes

- Verskillende spesies vereis verskillende verwyderingsmetodes, bv. met die hand, chemies of biologies of 'n kombinasie van beide. Vuur is byvoorblyk 'n nuttige instrument vir denne, maar moet nie op die Acasia spesies soos rooikrans en Port Jackson gebruik word nie, aangesien vuur die ontkieming van hul saad stimuleer.
- Vir meer besonderhede oor die aanbevole verwyderingsmetodes vir die bekende indringerspesies en ander advies oor uitwissing, raadpleeg die Cape Nature Landowner Alien Clearing Manual, wat beskikbaar is op die BWI webtuiste by www.bwi.co.za.

3.1.1.4.3 Identifisering van indringerspesies

Tabel 3 van CARA (die Wet op die Bewaring van Landbouhulpbronne) lys alle onkruid en plante wat tot indringers verklaar is. Uitheemse plante word in 3 kategorieë verdeel, gebaseer op hul risiko as indringer.

- Kategorie 1 – Hierdie plante moet deur alle grondgebruikers verwijder en beheer word. Hulle mag nie meer aangeplant of versprei word nie en alle handel in hierdie spesies is verbode (bv. rooikrans, hakea).
- Kategorie 2 – Hierdie plante hou 'n bedreiging vir die omgewing in, maar het nogtans kommersiële waarde. Hierdie spesies word slegs in afgebak-ende areas toegelaat en 'n grondgebruiker moet 'n watergebruikslicensie verkry, aangesien hierdie plante groot hoeveelhede water verbruik (bv. swart wattel, grysopulier, den).
- Kategorie 3 – Hierdie plante het die potensiaal om indringers te raak, maar word beskou dat hulle ornamentele waarde het. Bestaande plante hoef nie verwijder te word nie, maar geen nuwe aanplantings mag gemaak word en die plante mag nie verkoop word nie (bv. jakaranda, sering, swaardvaring).
- Vir 'n lys van Kategorie 1, 2 & 3 plante, verwys na Bylaag 4.

3.1.1.4.4 Die gebruik van onkruiddoders vir indringerbeheer

Omgewingsveiligheid: Die meeste operasies vir die beheer van indringerplante word in oewergebiede uitgevoer wat as omgewingsensitief beskou word. Om die impak van die operasie op die omgewing te minimeer, moet die volgende nagekom word:

- Besmetting van die area moet so laag as moontlik gehou word deur versigtige, akkurate toediening van 'n minimum hoeveelheid plaagdoder om goeie beheer te verseker.
- Sorg moet gedra word om te voorkom dat enige waterbronne besmet word. Dit sluit die nodige sorg in vir berging, toediening, skoonmaak van toerusting en die opruiming van houers, produkte en spuitmengsels.
- Toerusting moet gewas word waar daar nie gevrees is dat water besoedel sal word nie en die besmette water moet op 'n gesikte plek gestort word.

- Om skade aan inheemse en ander nuttige plantegroei te vermy, moet produkte gekies word wat die kleinstekste effek op nie-teiken plantegroei sal hê (Kontak Ecoguard vir advies, tel: 021-862 8457).
 - Spuikoppe wat groot druppels vorm, moet aangewend word om afloop na aangrensende plantegroei te verhoed.
- Vir meer besonderhede oor die mees effektiewe plaagdoder en dosis vir 'n spesifieke indringerspesie, raadpleeg die Ecoguard Herbicide guide (sien Inligtingsbron 1).

3.1.1.4.5 Indringergrasse

Uitheemse grasse is van die ergste indringers in laagland ekosisteme aanliggend aan plase, maar is dikwels die moeilikste om op te spoor en te beheer. Uitheemse grasse oorheers en verdring inheemse eenjarige plante en blospesies wat 'n belangrike deel uitmaak van die spesiediversiteit in renosterveld en fynbos. Uitheemse grasse verander ook die brandstoflading van die veld wat meer gereelde en warmer vure veroorsaak, wat fataal kan wees vir biodiversiteit.

Algemene uitheemse grasspesies sluit in: Wilde hawer, Italiaanse rog, bewertjies, kikoe-joe, predikantsluis, en wildegars.

Om inbringing van uitheemse gras te voorkom:

- 'n Bufferstrook van ten minste 30m behoort aan die kante van ongerepte natuurlike areas en wingerde gelaat te word, asook tussen ander stroke bewerkte landbougrond en komposhope, om versturing, randeffekte en die afloop van voedingstowwe te voorkom, wat die inbringing van uith-eemse gras bevorder.
- Om die verspreiding van saad deur diere te voorkom, moet lewende hawe wat in gebiede gewei het wat ingeneem is deur uitheemse grasse terwyl hul saadskiet tussen Augustus en November, verhinder word om na areas te beweeg wat nie besmet is nie. Hou diere uit ongerepte natuurlike areas gedurende hierdie tyd.
- Gereelde brande is gunstig vir die inbringing van uitheemse grasse en daarom is dit nodig om goeie brandvoorkomingspraktyke in natuurlike areas toe te pas (sien Brandbestuursafdeling hieronder).

Om uitheemse grasse te beheer:

- Onlangse navorsing het getoon dat vuur nie 'n effektiewe manier is om dit te beheer nie, aangesien dit uitheemse grasse stimuleer.
- Om gras met die hand te verwyder, word ook nie aanbeveel nie, aangesien dit die grond verstuur, wat weer die groei van uitheemse grasse aanhelp.

- Die aanwending van 'n sistemiese vooropkomsonkruiddoder (bv. Snapshot, Gallant Super, Fusilade) blyk die mees effektiewe metode van beheer te wees.
- Mamba & Round-up kan ook gebruik word om kikoejoe te beheer.

Nuttige kontakbesonderhede vir die uitroeiing van uitheemse

indringerplante: www.nda.agric.za/docs/landcare

Werk vir Water: www.dwaf.gov.za/wfw

Weedbuster Hulplyn: 0800 005 376, weedbuster@dwaf.gov.za

3.1.2 Alternatiewe weidingsgewasse

- In gevalle waar die potensiaal van sekere plante in streke laag is moet alternatiewe weidingsgewasse daarop gevestig word. Natuurlike en aange-plante weidings kan mekaar so komplimenteer.
- Droogtebestande gewasse behoort in gebiede waar seisoenale, jaarlikse en of lang-termyn droogtes voorkom aangeplant te word.

3.1.3 Droogte

Droogtes en reënvalveranderlikes is beperkende faktore vir wolskaapproduksente.

Die volgende praktyke kan oorweeg word om veeverliese te beperk:

3.1.3.1 Verkoop van vee

Die risiko om weiveld te beskadig word beperk. Die kondisies van vee wat na 'n droogte oorbly behoort vir die vermindering in veegetalte te kompenseer.

3.1.3.2 Produksievoeding

Teeldiere, die teelsiklus, 'n natuurlike aanwas en kontantvloeい vir na 'n droogte word instandgehou wanneer produksievoeding toegepas word. Voerkrale kan die natuurlike weidings beskerm.

3.1.3.3 Onderhoudsvoeding

Inkomstes kan uit nageslag en wolproduksie genereer word. Kostes wat aangegaan moet word om weer vee aan te koop word vermy terwyl dit moontlik is om 'n teelsiklus in stand te hou.

3.1.4 Brandbestryding

- Vuur kan beide 'n vriend en vyand wees met betrekking tot biodiversiteits-bestuur. Alhoewel fynbos en renosterveld vuuraangepaste sisteme is, kan een of twee brande op die verkeerde tyd van die jaar, of selfs geen brande nie, plaaslike uitwissing van baie spesies veroorsaak. As grondeienaar is u, volgens die Nasionale Wet op Veld- en Bosbrande van 1998, verantwoordelik vir die voorkoming en bestuur van alle vure wat op u grond voorkom. Indien u en u bure 'n Brandbestrydingsvereniging (BBV) stig, sal

u gehelp word om aan hierdie regulasies te voldoen.

3.1.4.1 Brandbestrydingsverenigings (BBV's)

- BBV's is vrywillige verenigings wat deur grondeienaars gestig word om veldbrande gesamentlik te bekamp, te voorspel, te bestuur en te blus. Die hoofvoordeel van 'n BBV is dat as jy aan 'n BBV behoort, geen aanname van nalatigheid gebruik kan word in siviele aksies a.g.v. brandskade nie, selfs al het die brand op u eiendom ontstaan. Verderaan kan hulpbronne meer effektiel gekombineer word met dié van ander grondeienaars om vure meer effektiel te bestuur. Brandbane kan gemaak word waar dit die beste vir die area as geheel is, nie slegs vir een eiendom nie.

3.1.4.2 Brandbane

- Indien van toepassing moet elke eiendom 'n brandbaanstelsel in plek hê. Die bane moet op die grens van die eiendom wees, tensy vrystelling deur die Minister verleen is of daar 'n ooreenkoms met die aangrensende eienaar is.
- Brandbane moet strategies geplaas word om wegholbrande te beheer, maar dien hoofsaaklik as toegangsroete vanwaar 'n brand bestry word. 'n Sinvolle brandbaanwydte is nie meer as 10 m wyd nie en moet nie afge-brand word wanneer daar 'n hoë brandgevaar is nie.
- Dit is dikwels verklieslik om 'n toegangsroete van 2-3 m te hê om vinnige toegang tot voorbrande te bied.
- Eienaars moet seker maak dat brandbane op so 'n wyse geposisioneer en voorberei word dat dit die minste steurnis aan die grond en biodiversiteit veroorsaak. Die eienaar moet beskermde plante in 'n brandbaan verplant indien moontlik, of die brandbaan so maak dat die beskermde plante vermy word.

3.1.4.3 Algemene Brandbestuursbeginsels

- Frekwensie: Die interval tussen vure behoort bepaal te word deur die groeitempo van die bestaande natuurlike plante en die voorkoms van reënval.
- Seisoen: Oor die algemeen is 'n vuur in die winter en vroeë lente vir suurgras dele en laat somer of vroeë herfs die beste vir fynbosspesies. Weens die risiko van wegholbrande in hierdie tydperk, is beheerde vuur vir fynbosveld slegs sinvol in Maart en April.
- Intensiteit: Intensiteit word beïnvloed deur die brandstoflading, brandstofvog, relatiewe humiditeit, gradiënt en windspoed. Die intensiteit kan gemanipuleer word deur die omstandighede, die punt van ontbranding relatief tot die helling en die wind so te kies dat dit sal lei tot die verlangde soort vuur.
- Proporsie van gebrande area: Dit is noodsaaklik dat 'n mosaïek van ver-

skillende ouerdomme van plantegroei binne 'n eiendom behou word ('n verskeidenheid goedgekeurde brandpraktyke en ouerdomme van veld is die beste manier om diversiteit van spesies te behou).

Algemeen:

- Lig buurplase en die plaaslike brandweerbeamptes van die munisipaliteit ten minste twee weke voor die tyd in van u voornemens om te brand.
- Maak seker dat brandbestrydingstoerusting onderhou word en in 'n goeie werkende toestand is voor die aanvang van 'n brandseisoen.
- Hou akkurate rekords van brande deur gebruik te maak van 'n kaart van die veldouerdom as 'n basis. Teken die datum en tyd van ontbranding, weerstoestande ens. aan.
- Pas 'n gebluste vuur vir ten minste twee dae na 'n brand op.
- Moenie dat lewende hawe 'n natuurlike area in die winter en lente bewei en dan met vuur opvolg nie. Baie van die renosterveldbolle en eenjariges is in die eerste 2 jaar na 'n brand kwesbaar vir weidingsdruk deur vee.

Vir meer inligting, raadpleeg:

- Cape Nature se feiteblad oor Fire Management en The Landowner and Fire Protection Associations (beskikbaar op die BWI webtuiste)
- Departement Waterwese en Bosbou se CD: Resource materials on National Veld and Forest Fire Act, Nr. 101 van 1998.

3.1.5 Afvalbestuur

Goeie afvalbestuur kan 'n onskatbare bydrae tot die behoud van biodiversiteit lewer.

3.1.6 Algemeen:

Afvalbestuur moet voldoen aan wetlike voorskrifte en mag nie die omgewing besoedel (veral vleilande en waterbronne) of 'n gesondheidsrisiko skep nie. Stel 'n afvalbestuur-splan op wat afval as 'n hulpbron beskou en herwin dit, indien moontlik.

- Besoek www.fairestescape.co.za vir herwinningskontakte vir glas, metaal, papier, plastiek, gevaaarlike afval, ens.
- Lei plaaswerkers en hulle gesinne op in afvalbestuur en herwinning.
- Beperk die afloop van plaagdoders na natuurlike areas.
- Vermy lugbesputting en waar moontlik, gebruik Geïntegreerde Plaag-bestuursmetodes (IPM) en probeer afloop en wegdrywing totaal vermy.
- Beperk die afloop van bemestingstowwe aanliggend tot natuurlike areas, veral vleilande en riviere. Hierdie afloop is gunstig vir die verspreiding van uitheemse plante en vergiftig aktief baie inheemse plantspesies en water-lewende diere. Dept. Waterwese en Bosbou het kwaliteitsriglyne vir water uitgereik wat die impak op waterkwaliteit aanspreek en besoedelende stowwe in die uiteindelike waterstandplaas meet. (besoek hul webtuiste vir hierdie riglyne (www.dwaf.gov.za).

3.1.7 Algemeen

- Ontwerp en lê plaaspaai so uit dat dit erosie sover moontlik uitskakel(goeie onderhoud is die sleutel), en vermy sensitiewe ekologiese areas soos vleilandende of skaars plantbevolkings.
- Om oormatige gronderosie te voorkom, moet hellings met 'n gradiënt steiler as 20 persent nie geploeg word nie (soos uiteengesit in die Wet op die Bewaring van Landbouhulpbronne, 1983).
- Raadpleeg bewaringsdeskundiges om 'n eenvoudige bewaringsplan vir die natuurlike plantegroei op die plaas op te stel. Dit behoort riglyne in te sluit om die gesondheid van die ekosisteem te monitor.
- Oorweeg dit om amptelik 'n stuk grond met bedreigde natuurlike areas opsy te sit vir bewaring onder die Voogdyskapprogram sodat hierdie areas verseker is van bewaringstatus, en om te verseker dat hierdie areas be-houe bly vir toekomstige generasies.

3.2 Predasiebestuur

Veeboere het die konstitusionele reg en verantwoordelikheid om hul vee te versorg en teen alle potensiële bedreigings soos uiterste klimaatstoestande (koue, hitte, droogtes, vloede, brande, ens.), asook teen diefstal en uiteraard teen roofdiere te beskerm.

Pogings om roofdiere voor die voet dood te maak en so veeverliese te beperk bied nie op die langtermyn 'n oplossing nie. Roofdiere is territoriaal en die sosiale gedrag van spesies speel 'n groot rol in die afbakening van hul gebiede. Indien roofdiere ondeurdag doodgemaak word, skep dit 'n vakuum wat lei tot die invloei van vreemde diere na daardie gebied. Hierdie vreemde diere wat in 'n nuwe habitat probeer nesskop sal gewoonlik ook makliker op beskikbare voedselbronne soos kleinvee teer. Roofdiere speel ook 'n belangrike rol om gesonde balanse in die natuur te handhaaf deur onder meer siek en ou diere te vang en vreet. Sommige van die roofdiere is ook goeie opruimers van aas soos die karkasse van wilde diere en vee.

'n Gebalanseerde benadering om die natuurlike prooibasis te verbeter, goeie kennis van die roofdierpopulasies op plase (spesifiek die dominante en territoriale diere) en die beskerming van vee deur samewerking tussen naasliggende plase wat saam 'n gekoördineerde en geïntegreerde predasiebestuursprogram beoefen, sal mettertyd bydrae tot minder veeverliese.

Enige predasiebestuursprogram moet aan die volgende kriteria voldoen:

moet koste-doeltreffend wees en die koste van die beheermaatreëls moet inlyn wees met die verliese gely
moet slegs deur behoorlik opgeleide en geakkrediteerde persone toegepas word wat van wettige bestuurmetodes gebruik maak (gebruik verkieslik eerste predasie voorkomende metodes, wat vervang kan word met remediërende metodes as die voorkomende metodes blyk oneffektief of onprakties te wees)

remediërende metodes moet genadiglik wees en lyding beperk
moet selektief wees en slegs gerig op die spesifieke individu/e wat die skade veroorsaak het
moet ekologies aanvaarbaar wees met 'n minimum uitwerking op die spesie en die omgewing

3.2.1 Voorkomende bestuursmaatreëls

3.2.1.1 Roofdierwerende sifdraad (jakkalswerend)

Dit word sterk aanbeveel dat veral kleinveeprodusente lammerkampe se grensheinings met sifdraad inspan. Die volgende maatreëls moet ingestel word om sifdraadheinings effekief te maak:

- Gebruik SABS goedgekeurde sifdraad met 'n maksimum van 75mm maasgrootte.
- Span sifdraad ten minste 1.2m hoog.
- Pak die onderdraad goed met klippe vas.
- Maak alle moontlike deurkruipplekke by hekke stewig met sifdraad toe
- Skep enkele klein openinge vir klein diere soos oewerkonyne en skilpaaie waar hulle wel voorkom, om te kan deurkruip. Hang kettings in sulke deurkruipplekke want dit verhoed jakkalse om deur te kruip
- Hang sleepstawe onder hekke om te voorkom dat roofdiere nie onderdeur kruip nie
- Inspekteer en herstel heinings waar nodig weekliks

3.2.1.2 Elektriese omheinings

Geëlektrifiseerde heinings is nuttig, maar hou 'n gevaaar vir diere soos skilpaaie, ietermago's en likkewane in. Die elektriese geleiers moet so gespan word dat dit nie sulke diere sal vaskeer en uiteindelik doodskok nie. Die standaarde is:

- Span die aardgeleier 10 cm bo die grond sodat dit skilpaaie, ietermago's en likkewane weg van die elektriese draad kan hou. Span dan effens hoër op (20 cm) die eerste lewendige geleier.
- Span die boonste elektriese draad 15 cm bo die gewone heining.
- Heinings moet met alarms toegerus word wat sal alarm maak as diere in die heinings verstregel raak. Sulke diere moet onmiddellik losgemaak word, beserings moet verkieslik deur 'n veearts behandel word en daarna moet die diere vrygelaat word.
- Lading op die heinings en stroom moet so gestel word dat dit nie 'n dodelike skok vir diere sal toedien nie.

3.2.1.3 Kraal van vee

Krale kan van draadheinings, gepakte klippe of ruwe takke gemaak word. Die volgende kriteria is van belang:

- Draadheinings moet ten minste 1.2m hoog wees.
- Gepakte klipheinings moet ten minste 1.6m hoog wees en met doringdraad of elektriese geleier bo-op toegerus wees.
- Takheinings moet ten minste 1.6m hoog wees en moet ondeurdringbaar gepak word.
- Takheinings moet aan die binnekant afgewerk word sodat vee nie daardeur beseer word nie.
- Krale moet gereeld van mis ontruim word om las met vlieë en ander parasiete te bekamp.
- Genoegsame skoon water moet vir diere voorsien word.
- Krale waar diere gedurende die dag vertoeft moet skaduwee hê waar diere teen warm son kan skuil.
- Daar moet opgelet word vir oordraagbare siektes omdat veral kleinvee in krale daaraan blootgestel word.
- Dit is raadsaam om 'n kraal teen 'n effense helling op te rig sodat dit goed kan dreineer tydens reën. Wees bedag daarop om dit op grondtipies uit te lê met 'n lae grond-erosie gevær en keer alle moontlike grond-erosie wat kan plaasvind.

3.2.1.4 Afwering

Klankafwering

Die **klank van mensestemme, musiek of plaasgeluide** kan effektiel aangewend word as afweermiddel teen roofdiere. Implementeer die volgende stappe om effektiwiteit te verseker:

- Gebruik klanke slegs snags in kampe waar predasie plaasvind.
- Skep verskillende klanke met radio's op verskillende plekke in die kamp.
- Verander die radio se klanke elke aand.
- Skuif elke radio elke aand na 'n ander plek in die kamp.
- Staak die gebruik van klanke na ses weke en implementeer dit weer na 'n maand.

Ultrasoniese klanke affekteer die roofdier se gehoor en klaarblyklik is dit so erg versteurend dat dit roofdiere weg hou uit die areas waar die klank uitgesaai word. Dit is nie bekend wat die invloed van ultrasoniese klank op die gedrag, produksie en reproduksie van lewendehawe het nie. Produsente moet daarom baie nou let op hul lewendehawe se gedrag, paring en produksie wanneer ultrasoniese afwering aangewend word.

- Gebruik toestelle wat pulserende ultrasoniese klanke wek en sodat dit slegs vir kort periodes pulse uitsaai.
- Gebruik ultrasoniese klanke slegs vir kort periodes van tyd (vier weke) en wissel dit met gewone klanke af.
- Vermy die gebruik van ultrasoniese klanke waar uile en vlermuise in die nabye omgewing is.

Ligafwering

- Gewone of pulserende ligte kan roofdiere afskrik.
- Gebruik 'n kombinasie van geel, oranje en wit lig.
- Plaas ligte op strategiese plekke oral in die kamp uit.
- Skuif ligte elke aand na ander plekke in die kamp en wissel die onderskeie kleure af.
- Ligte behoort in kombinasie met klankafwering gebruik word.
- Gebruik ligte vir ses weke en staak die gebruik daarvan vir een maand voordat dit weer aangewend word.

Reukafwering

Apparate wat roofdieraferwende reuke versprei kan moontlik ook roofdiere uit kampe weghou.

- Plaas apparaat so dat die reuke windaf in die kamp indryf.
- Reukapparaat moet nie vir periodes langer as ses weke aangewend word nie.
Wissel reukapparate met klank- en ligafwering af.

Beskermende en afwerende halsbande

Hierdie halsbande beskerm die dier teen roofdieraanvalle of het 'n afwerende effek op roofdiere.

Beskermende halsbande:

- Beskermende halsbande moet van stewige UV bestande plastiek vervaardig word.
- Elke skaap in die kamp moet met 'n halsband toegerus word.
- Halsbande moet nie vir langer as ses weke in een kamp aangewend word nie.
Sodra roofdiere kleinvee op ander plekke as aan die keel byt moet die halsbande almal onmiddellik verwyder word.
- Wissel beskermende halsbande met reukhalsbande, fluoressente halsbande en klankhalsbande af.
- Halsbande moet gemaklik om diere se nekke pas en nie 'n wurgende effek op diere hê nie.

3.2.1.5 Afwerende halsbande

Afwerende halsbande sluit in halsbande wat klanke voortbring, van besondere helder kleure gemaak is of bepaalde reuke afskei:

- Klokkiehalsbande. Klokkiehalsbande moet op ten minste 'n kwart van die trop aangebring word. Dit moet vir nie langer as ses weke gebruik word nie en met ander halsbande afgewissel word.
- Kleurhalsbande. Kleurhalsbande is toegerus met fluoresserende materiaal wat snags lig uitstraal. Dit moet vir nie langer as ses weke gebruik word nie en met ander halsbande afgewissel word.
- Reukhalsbande. Hierdie halsbande word van eenvoudige materiaal soos katoen gemaak en met verskillende reuke geïmpregneer sodat daar vreemde reuke in die

- veetrop bestaan. Dit moet vir nie langer as ses weke gebruik word nie en met ander halsbande afgewissel word.

3.2.1.6 Veewagters

Veewagters kan slegs aangewend word as vee in streng trop verband in klein kampies bestuur word. Daar kan nie van veewagters verwag word om snags saam met diere in die veld te slaap nie.

3.2.1.7 Beskermende diere

Verskeie soorte diere word as teenvoeters teen roofdiere soos rooijakkalse, rooikatte, gevlekte- en bruin-hiënas, luiperds en jagluiperds in die veebedryf en selfs die wildbedryf gebruik. Sulke diere moet net soos ander plaasdiere altyd met die nodige sorg en aandag bestuur word. Hulle moet ten alle tye vrye toegang tot kos, water en skuiling hê.

- **Volstruismannetjies.** Wend volstruismannetjies aan om jakkalse uit lammerkampe te verdryf.
- **Blesbokramme.** Ontplooи blesbokramme in veekampe om rooijakkalse bedags en snags uit kampe te verwilder. Daar moet geen blesbokooie in sulke kampe teenwoordig wees nie.
- **Donkiehingste** kan aangewend word om rooijakkalse en rooikatte uit kampe te verjaag. Onttrek donkies uit kampe sodra lammers begin aankom omdat hulle klein lammers by veesuipings beseer.
- **Alpacas** word ook suksesvol aangewend om roofdiere van lewendehawe af weg te hou.
- **Anatoliiese** berghonde is effektiel om grootvee, kleinvee en wild teen meeste roofdiere, insluitende leeus, te beskerm. Koop berghonde aan by telers wat met vee boer en honde in 'n boerdery-omgewing groot maak. Berghonde moet teen alle hond verwante siektes ingeënt word en gereeld deur 'n veearts ondersoek word. Berghonde moet elke dag vars kos en drinkwater kry. Berghonde moet nie toegelaat word om met ander honde op die plaas te meng nie.
- **Bokhonde** is honde van ander rasse wat ook soos Anatoliiese berghonde in kleinveetroppe grootgemaak word. Dieselfde voorskrifte as wat vir berghonde geld, moet met bokhonde toegepas word.

3.2.2 Remediërende bestuursmaatreëls.

3.2.2.1 Roep & Skiet

- Onmiddellike optrede. Dit is nodig om onmiddellik nadat predasie plaasgevind het, die aksie te loods om die skadeveroorsakende indiwidu(e) te skiet.
- Spesifieke lokaliteit. Skietaksies moet fokus op areas waar predasie plaasvind.

- Presisie. Gebruik slegs ervare probleemdierjagters
- Spesie-identifisering. Probleemdierjagters moet spesies korrek identifiseer voordat daar op hulle geskiet word.
- Noukeurige gebruik van roepapparaat. Slegs ervare probleemdierjagters behoort roepapparate te gebruik.
- Gebruik van rooi soekligte snags. Slegs rooi soekligte moet aangewend word omdat wit lig diere skugter en ontwykend maak.
- Skiet vanuit helikopters of mikro-ligte vliegtuie. Dit word gedoen deur individue wat die roofdiere uit die lug opspoor en dan van kant maak. Slegs professionele probleemdierjagters behoort van helikopters gebruik te maak. Grondeienaars oor wie se eiendom daar gevlieg gaan word moet vooraf verwittig word en ook hul toestemming skriftelik verleen dat daar wel op hul gronde roofdiere per helikopter gejag mag word.

3.2.2.2 Vangysters met verstelbare snellerplate

- Slegs individue wat opgelei is om vangysters te gebruik, moet sulke apparate stel.
- Vangysters moet verstelbare snellerplate hê. Die ideale snellermassa is 1.8 kg kilogram.
- Vangysters se kake moet 'n opening van ten minste 5 mm hê om beenbreuke by die teikendier se bene te voorkom.
- Vangysters moet nie in die normale looppaadjes van diere gestel word nie maar so gestel word dat dit uit die sig en looppad van ander diere is. Dit moet ook nie in voertuigmaadjies, langs grensheinings, onder deurlopplekke of langs drinkplekke gestel word nie.
- 'n Anker moet gebruik word om die slagyster vas te pen sodat die dier wat daarmee gevang is, nie daarmee wegloop nie. Die anker moet met 'n ketting onderaan die slagyster geheg word. Die ketting moet twee draaiskywe bevat sodat die slagyster vryelik kan beweeg.
- Vangysters moet ten minste een keer elke dag nagegaan word sodat diere nie vir langer as 'n paar ure daarin sal vassit nie.
- 'n Geskikte lokmiddel soos urine of mis van die teikendierspesies moet gebruik word. Verkry sulke materiaal van diere wat in wettige fasilitete aangehou word of versamel dit van diere wat van kant gemaak is. Soek ook na vars mis elders op die plaas waar die diere mag wees. Roofdiere mag nie vir die doeleindes van mis- en urienversameling aangehou word nie.

Inloop vanghokke

- Vanghokke moet van stiewige metaal vervaardig word en nie skerp kante hê wat diere sal beseer nie.
- Vanghokke moet sodanig gestel word dat daar skaduwee is gedurende die warm tye van die dag.
- Vanghokke moet ten minste een keer elke dag nagegaan word.

Spesifieke vereistes vir verskillende spesies:

Rooikat

- Die hok moet langs die rooikat se looppad geplaas word en net aan die sykante met takke toegepak word.

- 'n Opgerolde bolletjie aluminiumfoelie moet in die vang gedeelte van die hok opgehang word.
- Lokaas in die vorm van skaapvleis of bokvleis is die aangewese manier om die rooikatte na die hokke te lok.
- Dit is ook sinvol om urine van 'n rooikat te versamel en as reuklokmiddel in 'n sandbak in die hok te plaas. Urine kan bekom word vanaf dieretuine wat rooikatte aanhou en ook vanaf rooikatte wat desnoods van kant gemaak moet word.
- Wanneer 'n rooikat wel gevang is, moet dit op menslike wyse van kant gemaak word indien dit nie losgelaat word nie. 'n Enkele kopskoot met 'n mediumkaliber vuurwapen is die vinnigste en beste manier om so 'n dier van kant te maak.

Luiperd

- Die hok moet baie sterk en stewig wees en moet verkieslik naby die luiperd se krapboom geplaas word en glad nie met enige materiaal bedek word nie.
- Stukke verrottende lokaas moet direk in die vanghok geplaas word en dit moet met draad vasgemaak word.
- Bloedspore moet met die lokaas uit verskillende rigtings vanaf 100 meter van die hok af na die hok gesleep word.
- Die hok moet verkieslik ook in die grond met penne geanker word.
- Wanneer 'n luiperd gevang is, moet die hok met 'n dik seil bedek word sodat die dier kalm bly.
- 'n Veearts behoort die dier te verdoof voordat dit vervoer word om te keer dat die luiperd beserings in die hok opdoen.
- Wanneer 'n wyfie wat oënskynlik soog gevang word, moet alles moontlik gedoen word om die kleintjies op te spoor sodat hulle na geregistreerde rehabilitasiesentrum vir grootmaak en vrylating geneem kan word.
- Luiperds mag nie doodgemaak word nie en moet hervestig word. Wanneer 'n luiperd vrygelaat word, moet alle individue binne die veiligheid van voertuie wees om aanvalle van die geïrriteerde luiperd te ontkom.
-

Jagluiperd

- Jagluiperds word gerедelik gevang deur 'n takkraal van ongeveer 20 meter in deursnee te bou en 'n inloop vanghok as die enigste ingang in die kraal te voorsien.
- Vangkrale moet opgerig word waar die diere aktief is soos by hulle speelbome.
- Die inloopvanghok moet aan die agterkant oop wees en bo-op met stewige doringbosse bedek wees.
- Die lokaas is ten beste 'n lewendige boerboklam of selfs volwasse boerbok.
- Wanneer 'n jagluiperd gevang is, moet die hok bedek word en die dier kan gemaklik vervoer word.
- Wanneer 'n wyfie wat oënskynlik soog gevang word, moet alles moontlik gedoen word om die kleintjies op te spoor sodat hulle na geregistreerde rehabilitasiesentrum vir grootmaak en vrylating geneem kan word.
- Jagluiperds mag nie doodgemaak word nie en moet hervestig word.

Bruin hiëna

- Luiperdvanghokke is noodsaklik vir bruin hiënas omdat die diere geweldig sterk is en hulle swak hokke maklik oopbreek.
- Die hokke kan naby die plek waar predasie plaasgevind het, opgerig word en kan sonder enige bedekking gestel word.
- Die beste lokaas is lammer karkasse of selfs dooie hoenders.
- Reukspore kan ook na die hok gesleep word om die hiëna nader te lok.
- Wanneer bruin hiënas gevang word moet hulle hervestig word en nie van kant gemaak word nie.
- Wanneer 'n wyfie wat oënskynlik soog gevang word, moet alles moontlik gedoen word om die kleintjies op te spoor sodat hulle na geregistreerde rehabiliteesentrum vir grootmaak en vrylating geneem kan word.
- Hokke hoef nie met enige plante verskans te word nie, maar moet wel bedek word nadat die diere gevang is om hulle kalm te hou.
- Dit is wenslik om hulle te laat verdoof deur 'n veearts voordat hulle vervoer word.

Otters

- Otters word maklik met rooikatvanghokke gevang.
- Gebruik reste van eende, ganse of klein lammers as lokaas.
- Vanghokke moet langs visdamme opgerig word en moet stewig ganker word sodat die dier se beweging in die hok nie daartoe lei dat die hok in die water val nie.
- Wanneer otters gevang word moet hulle hervestig word en nie van kant gemaak word nie.

Silwervos en groukat

- Gewone rooikatvanghokke met lammerreste as lokaas werk baie goed vir beide diere.
- Wanneer hulle wel gevang word, is dit wenslik om hulle in klein (5m X 5m) draadkampies met draadbedekking bo-oor aan te hou tot tyd en wyl lammers te groot is om deur hulle gevang te word. Let wel dat alvorens so iets aangepak word die grondeienaar eers die nodige permit by die provinsiale natuurbewarings-owerheid moet bekom ten einde dit wettig te mag doen.
- Die diere moet van koelte (takke oor 'n deel van die hok), vars water en daaglikse kos soos springhaas- en haasreste voorsien word.

Wanneer die predasie tyd verby is, moet hulle weer in hul eie gebied vrygelaat word.

Addisionele veiligheidsmaatreëls vir vanghokke

- Diere met lang sterte soos luiperds en jagluiperds se sterte word soms erg beseer wanneer die valhekke daarop val. Dit is wenslik om die onderkant van die valhek met dik sponsagtige rubber te bedek om sulke beserings te voorkom.
- Ongebruikte vanghokke moet nie in die veld gelaat word en moet veilig op

3.2.2.3 Gebruik van gifstowwe

die plaaswerf in 'n stoor gebêre word sodat dit nie in die hande van stroopers val nie.

Giflokaas

Geen vergiftigde lokaas mag in Suid-Afrika gebruik word nie. Regulasie Nr. R1716 van 26 Julie 1991 van die Wet op Misstowwe, Veevoedsel, Landboumiddels en Veemiddels, 1947 (Wet Nr. 36 van 1947) verbied die gebruik van enige plaagdoders vir doeleindest anders as dit wat op etikette aangedui word. Daar is geen plaagdoders vir die doodmaak van roofdiere geregistreer nie en dus mag geen plaagdoders sodanig aangewend word nie.

Gifhalsbande

- Gifhalsbande wat met natriummonofluorasetaat gevul is, mag wel gebruik word om skadeveroorsakende roofdiere selektief mee van kant te maak. Geen ander gifstowwe mag in gifhalsbande gebruik word nie.
- Gifhalsbande mag ook slegs gevul en voorsien word deur individue wat die nodige permitte ingevolge die Wet op Gevaarhoudende Stowwe, 1973 (Wet Nr. 15 van 1973) daarvoor het.
- In 'n kamp waar predasie plaasvind word 'n aantal jong lammers met gifhalsbande toegerus en saam met volwasse skaap in die kamp geplaas.
- Enige roofdiere wat met gif van kant gemaak is, moet onmiddellik baie diep begrawe of totaal verbrand word om sekondêre vergiftiging te voorkom.

3.2.2.4 Jag met honde

Soek, vind en van kant maak

- Slegs opgeleide jaghonde moet gebruik word.
- Honde moet nie vryelik in die veld rondhardloop nie en aan leibande gehou word totdat die teikendier sigbaar word.
- Jaghonde moet baie goed versorg word sodat hulle nie uit hongersnood agter wild aanhardloop en op die manier jag nie.
- Jaghonde moet gereeld ingeënt word en deur 'n veearts ondersoek word ten einde optimale gesondheid te verseker.

Soek en vind (Dis waar honde gebruik word om die roofdier se spoor te vat en die dierde vind waarna die roofdier dan doodgeskiet word)

- Honde moet as spoorhonde opgelei word.
- Honde moet nie losgelaat word om self die roofdier dood te maak nie. Indien die roofdier opgespoor word, moet dit geskiet word.

Opspoor te perd en dan doodmaak (Dis waar perderuiters die roofdier se spoor vat en die roofdier dan in 'n skuiling, soos 'n erdvarkgat, injaag)

3.3 Roofdierbestuur

Roofdiere speel 'n belangrike rol om gesonde balanse in die natuur te handhaaf deur onder meer siek en ou diere te vang en vreet. Sommige van die roofdiere is ook goeie opruimers van aas soos die karkasse van wilde diere en vee.

Die roofdiere is territoriaal en die sosiale gedrag van spesies speel 'n groot rol in die afbakening van hul gebiede. Indien roofdiere ondeurdag doodgemaak word skep dit 'n vakuum wat lei tot die invloei van vreemde diere na 'n gebied. Hierdie groter getal vreemde diere wat in 'n nuwe habitat probeer nesskop sal gewoonlik ook makliker op beskikbare voedselbronne soos kleinvee teer.

Pogings om roofdiere voor die voet dood te maak en so veeverliese te beperk bied nie op die langtermyn 'n oplossing nie. 'n Gebalanseerde benadering om die natuurlike prooiba-sis te verbeter, goeie kennis van die roofdierpopulasies op plase (spesifiek die dominante en territoriale diere) en die beskerming van vee deur samewerking tussen naasliggende plase wat saam 'n gekoördineerde roofdierbestuur beoefen, sal gaandeweg bydra tot minder veeverliese.

Daar is 'n dringende behoefte aan 'n gekoördineerde benadering tot roofdierbestuur in Suid-Afrika. Volgehoue gebruik van 'n kombinasie van die beste praktyke (insluitende nie-dodelike en dodelike metodes) sal metertyd help om veeverliese te verminder. Moe-

nie poog om alle roofdiere dood te maak nie, veral as daar met redelike sekerheid bepaal is dat net 'n spesifieke dier of 'n paar diere die skade veroorsaak het.

Metodes wat implementeer kan word om skade veroorsakende roofdiere te beheer.

